**Vrydag 14 Julie**
**Skrifgedeelte:Jesaja 52:13 – 53:12 (AFR53)**
**Fokusgedeelte: Jesaja 53:5**
**Lydende kneg genees volkome**

Die wêreld verkeer in chaos – lyde, onreg, korrupsie, uitbuiting, talle dinge wat ten hemele skreeu, is aan die orde van die dag. Sien jy die hand van die HERE hierin? Sien jy dat Hy genesend besig is te midde van hierdie chaos? Dis waarin die krag van hierdie profesie lê. Dis moeilik om sy optrede te verstaan, maar God verklaar dat Hy voorspoedig (wys) sal wees in sy optrede.

Hierdie wyse Kneg word aan ons voorgehou:

- ’n Wonderwerk – ’n loot, ’n wortel uit droë grond.
- Onaansienlik – jy wil net van Hom wegkyk.
- Ongewens op aarde – verag en verlaat, geplaag, geslaan, verdruk en mishandel.

Nogtans doen Hy die onwerklike en verrassende:

- Al ons ongeregtighede (sonde) neem Hy op Hom.
- Ook ons lyding, siekte en straf neem Hy op Hom.

Hy ly en sterf in ons plek stil soos ’n lam, ’n vloekdood, afgesny van die lewendes met sy graf tussen goddeloses. En tog, deur sy wonde en lyde kom vrede en genesing. Strafgerig word ons gespaar en heerlikheid vir ons bewaar. Ons is by God as sy volk!

*Sing: Psalm 73-1:10, 11*

*Ds. MJ Smidt (Tinus) (emeritus)*